# Tekens van ‘n leesprobleem

| Beskrywing | Nooit | Partykeer | Dikwels |
|---|---|---|---|
| 1. Omkering van letters soos *b* en *d* of *p* en *q*, of lees bv. *tak* vir *kat* of *sak* vir *kas*. | | | |
| 2. Plaas letters in die verkeerde volgorde en lees bv. *emelent* vir *element*, *snik* vir *niks*, en *tekel* vir *ketel*. | | | |
| 3. Lees klein woordjies verkeerd bv. *’n* vir *nie*, *vir* i.p.v. *van*, *met* vir *meer*. | | | |
| 4. Raak gedisoriënteerd met ’n reël of op ’n bladsy terwyl hy lees, mis reëltjies of herhaal wat reeds gelees is. | | | |
| 5. Hardoplees is hakkelrig, woord-vir-woord, monotoon. | | | |
| 6. Probeer die letters van die woord klank maar kan dan nie die korrekte woord sê nie. Sal bv. die letters ‘k-a-t’ klank, maar dan *koud* sê. | | | |
| 7. Spreek woorde verkeerd uit, of plaas klem op verkeerde lettergrepe. | | | |
| 8. Verkort woorde bv. *porsie* vir *proporsie*. | | | |
| 9. Weglating van voorvoegsels, weglating van agtervoegsels of byvoeging van agtervoegsels. | | | |
| 10. Lees met swak begrip. | | | |
| 11. Onthou nie veel van wat gelees is nie. | | | |
| 12. Kan nie die regte letter by ’n gegewe klank pas nie. | | | |
| 13. Ignoreer gereeld leestekens, laat punte en kommas uit. | | | |

**Algemene riglyne:**

Graad 1 (4de termyn) en Graad 2: As enige twee items as “Dikwels” gemerk is of as meer as drie items as “Partykeer” gemerk is, word ‘n toepaslike lees-assessering aanbeveel.

Graad 3+: As enige item as “Dikwels” gemerk is of as meer as twee items as “Partykeer” gemerk is, word ‘n toepaslike lees-assessering aanbeveel.